Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
www.laerskoolmontagu.net
monties@telkomsa.net
023 614 1640

MONTIENUUS

9 November 2022
OB 48

Beste Ouers

Ons sê baie geluk aan mnr. Waldo met sy aanstelling as onderwyser te Laerskool Hugo Rust. Hy verlaat ons aan die einde van die jaar en ons wil hom voorspoed toewens met sy nuwe uitdaging. Ons het die afgelope 2 weke die biblioteekpos van me. Brits, asook mnr. Waldo se pos geadverteer. Aansoeke het reeds gesluit. Me. Zachariasse se pos is reeds gevul, soos voorheen aan u deurgegee. Me. Lizenke Carstens, wat 'n onderwysassistent by ons was, is in hierdie pos aangestel. Die SBL het verder ook reeds vir mnr. Gustav Hahn as onderwysassistent in die Intersenfase aangestel, in die plek van juf. Landi Koch, wie haar studies aan die einde van die jaar voltooi.

Die **eksamen** vir gr. 7 begin Woensdag 16 November en vir gr. 4-6 op 23 November. Ons wens al die Monties sterkte toe met hierdie assesserings en glo hulle sal hul bes probeer. Die Grondslagfase is reeds besig met deurlopende assessering. **Afwesigheid tydens formele assessering**: ouers moet asb. daarop let dat hierdie die eindjaar formele assessering is. Volgens beleid word 'n leerder slegs verskoon weens mediese redes (siek, met 'n dokter- of klinieksertifikaat), of indien 'n persoonlike noodgeval ontstaan, wat vooraf met die hoof bespreek moet word.

Ons het die afgelope naweek 'n heerlike Mini-krieket Sportdag te Hoërskool Hexvallei gehad. Geluk aan al die Monties wat pragtig gespeel en goeie sportmangees geopenbaar het. Hexvallei het ook moeite gedoen om netjiese velde voor te berei en om 'n aangename dag aan te bied.

Ons **fotobestelling** en **konsertvideo** se bestelvorms sal binnekort aan u uitgestuur word. Ons fotograaf is besig met die laaste redigering. Spaar asb. u geld, sodat u nie onkant gevang word wanneer die foto's bestel word nie. Ons het vanjaar 'n nuwe fotograaf aangestel. Ons beoog om volgende jaar die neem van die foto's deur die jaar te versprei, sodat bestellings nie alles op een slag geskied nie.

Ons het eerskomende Donderdagaand die jaarlikse Algemene Ouer- en Begrotingsvergadering. Die toepassing en werking van die gedragskode is ook 'n punt op die agenda. Indien u wil kom gesels oor die gedragskode, lees asb. die gedragskode vooraf deur op die webwerf, asook die opsomming in die leerders se huiswerkboek.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
Montagu SPAR
023-6143080
goed vir jou

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 9 Nov	Ouma en Oupadag
Donderdag, 10 Nov	Algemene en Ouerbegrotingsvergadering (18h30)
Vrydag, 11 Nov	Gr. 1V Entrepreneurs Gr. 7 - Laaste saal Gr. 7 - Besoek Pre-Primêr
Woensdag, 16 Nov	Gr. 7 EKSAMEN BEGIN Laaste Montienuus vir 2022
Vrydag, 18 Nov	Gr. 4 Kamp GF Boeke huis toe Ope entrepreneurs
Woensdag, 23 Nov	Gr. 4 – 6 EKSAMEN BEGIN
Vrydag, 25 Nov	Gr. 1K Entrepreneurs
Sondag, 27 Nov	NG Kerssangdiens (Kore tree op)



Nuwe Montie sporthemde

Leerders het bestelvorms ontvang vir die Monties se nuwe sporthemde!

IDIOMEDAG - DANKIE!

Die aap uit die mou laat, Alle grappies op 'n sokkie, Dit reën katte en honde, Jou hart op die mou dra, Tweegesig, Vinkel en Koljander is maar 'n paar van die idiome wat voorgestel is op ons Idiomedag.

Welgedaan en baie dankie aan die Monties vir hul deelname aan hierdie dag.
Ons is aangenaam verras met die kreatiwiteit en oorspronklikheid van ons leerders.
Die deelnemers was opgewonde en het dit baie geniet. Hou ons *Facebook*-blad dop vir die foto's.

EKSAMENROOSTER

KWARTAAL 4 2022

Dag	Datum	Gr. 4 - 6	Gr. 7
Woensdag	16/11		TEG
Donderdag	17/11		GESK
Vrydag	18/11		LO
Maandag	21/11		
Dinsdag	22/11		WISK
Woensdag	23/11	WISK	ENG
Donderdag	24/11	ENG	
Vrydag	25/11	AFR	GEO
Maandag	28/11		NW
Dinsdag	29/11	NWT	
Woensdag	30/11	GEO	EBW
Donderdag	1/12	GESK	AFR
Vrydag	2/12	PSW	D + VK
Maandag	5/12	Skryf: Transaksionele teks	
Dinsdag	6/12	Writing: Transactional text	

Skole het Vrydag, 4 November 'n skrywe van WKOD hoofkantoor ontvang, waarin dit duidelik gestel word dat GEEN skool voor 6 Desember mag klaarmaak met eksamen nie. Dus sal ALLE leerders op Maandag, 5 Desember en Dinsdag, 6 Desember skryfstukke aflê.

Montie Mini-Krieketdag

Hoërskool Hexvallei Mini-krieketdag uitslae:

o. 7A: 1 gelykop, 1 verloor
o. 7B: 1 verloor, 1 gewen

o. 8A: wen 2
o. 8B: verloor 2

o. 9A: wen 2
o. 9B: wen 2

NB!

SKOOLTYE vanaf 16 Nov is

08H00 - 13H00 vir alle leerders

Ouer vraelys

Die skool is tans besig met beplanning en wil graag u insette hê in die proses van selfevaluering.

Indien u nie die *Google Form* wat per sms (aan ma's) uitgestuur is kon voltooi nie, kan u in die huiswerkboekie vra vir 'n harde kopie vorm, wat ons dan aan u sal stuur.
Die *link* vir die *Google Form* kan van een foon / toestel na 'n ander kopieer word.

Rekenaargeld (R250 per kw) vir Kwartaal 4 was reeds betaalbaar op 4 November.